Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees alle instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar. 2025

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

**'N KLETSBOT* WAT MENSE VERSTOM**

1 Die mens staan voor 'n era van vooruitgang en ontwikkeling, en die sleutel tot hierdie nuwe era is kunsmatige intelligensie (KI) soos *ChatGPT*.

2 Die kletsbot, *ChatGPT*, stoor kennis sodat dit later op ander, maar soortgelyke, probleme toegepas kan word. Die gebruiker vra vir die kletsbot 'n vraag en dan reageer dit teen 'n vinnige tempo! Maar helaas, nie altyd 100% akkuraat nie! <u>Sommige antwoorde klink dalk moontlik, maar is soms verkeerd. Die rede hiervoor is dat die kletsbot nie vanself tussen reg en verkeerd kan onderskei nie</u>.

3 'n Sleutelfaktor van *ChatGPT* is dat dit 'n teks outomaties uit tekste van ander mense kan saamstel, maar nie die mens ten volle kan vervang nie – nog nie. Dit kan wel suksesvol vir bemarkingsnavorsing, kliëntediens, virtuele ondersteuning en aanlyn onderrig gebruik word. Adrian Twarog, 'n Australiese webwerf-ontwerper, maak dit duidelik dat mense nie net wenke, hulpmiddels en konteks van die BOT moet aanvaar nie. Die inhoud van *ChatGPT* moet beslis geredigeer en hersien word, want sonder die mens se kreatiwiteit bly dit 'n bot.

4 Alhoewel baie mense nog min aan KI-tegnologie blootgestel is, verander die blootstelling daagliks soos mense met *ChatGPT* kennis maak. Mense is verbaas oor die intelligensie van dié kletsbot. Die vermoë van dié kletsbot is baie indrukwekkend en daar word voorspel dat hierdie kletsbot al hoe intelligenter gaan raak … én maatjies gaan begin kry. En op al hoe meer terreine soos die mediese veld en sakesektor 'n invloed sal hê.

5 Die gebruik van KI in die mediese veld is verstommend. Dr. Jenny Lee, 'n gesondheidsdeskundige, sê dat dit nie net mediese data kan analiseer nie, dit kan selfs diagnoses maak en nuwe behandelings aanbeveel. Hierdie tegnologie lei tot minder foute, wat tot beter resultate vir die pasiënte lei.

6 Dr. Sarah Adams, senior Rekeningkunde-lektor aan die Australiese Nasionale Universiteit, fokus op die impak van KI in die sakesektor. Sy sê KI-stelsels, soos *ChatGPT*, kan nuwe geleenthede raaksien, tendense voorspel en kompeterende strategieë uitwerk. Internasionale besighede trek voordeel hieruit, omdat *ChatGPT* in talle tale kan kommunikeer. Dus word die grense van taal oorbrug sodat toegang tot nuwe markte vergemaklik word.

7 Hierdie tegnologieë kan die onderwys in 'n groot mate verander deur 'n wye toegang tot kennis te bied. Die opkoms van KI in die onderwys lei wel tot gemengde reaksies. Mnr. DJ Cloete, 'n meestersgraadstudent in Afrikaans en dosent by Akademia, gebruik 'n kompas as metafoor om KI in die onderwys te verduidelik: Net soos 'n kompas ons help om deur 'n onbekende terrein te navigeer, kan KI leerders help om onbekende inligting te verwerk. Sodoende identifiseer KI die leerders se sterk en swak punte en bevorder leer binne 'n bepaalde veld. Aan die ander kant kan die wanfunksionering van KI, soos met 'n kompas, veroorsaak dat leerders (en onderwysers) op 'n dwaalspoor beland.

8 Cloete waarsku dat KI altyd verantwoordelik gebruik moet word. Plagiaat kan maklik gepleeg word as bestaande tekste bloot gekopieer word. Die onderwyser kan dit dan moeilik vind om die egtheid van die werk te bepaal. Gelukkig kan plagiaat deur die gebruik van sagteware-programme opgespoor word.

9 Voortgesette gesprekke oor die etiese gebruik van *ChatGPT* en soortgelyke KI-programme is dus baie belangrik. Opvoeders moet leer om krities te dink en om ook kritiese denke by leerders te bevorder. Aangesien *ChatGPT* nie kan oordeel oor waardes nie, sal 'n slim onderwyser 'n evalueringsaspek oor waardes by opdragte inwerk.

10 Die nuwe kletsbot, *ChatGPT*, word egter nie oral met ope arms verwelkom nie. Elon Musk, uitvoerende hoof van maatskappye soos Tesla en *X* (voorheen *Twitter*), het reeds in 2014 sy kommer daaroor uitgespreek. Hy meen dat super-KI-stelsels moontlik 'n groter gevaar vir die mens kan inhou as kernwapens!

11 Die Wêreld- Ekonomiese Forum beskou kuberaanvalle in sy jongste verslag as een van die grootste, wêreldwye KI-risiko's. Navorsing toon dat kubermisdadigers KI gebruik om hulle aanvalle meer doeltreffend te maak. Mense moet op hulle hoede wees! Hulle moet besef dat KI-ontwikkeling tot gevolg kan hê dat die mens die vermoë verloor om tussen die werklikheid en 'n vals werklikheid te onderskei. Elke mens moet ook besef dat hy/sy in alle situasies waar e-posse, stem- of video-boodskappe gedeel word, krities moet optree. Al lyk die boodskap hoe eg, moet dit nie summier vertrou word nie.


12 Die toekoms bied 'n wêreld van geleenthede waarop KI 'n groot impak sal hê, aangesien KI mense se lewens op baie maniere gaan verander. Die uitdaging vir elke mens is om sy/haar menslike eienskappe te behou ten spyte van KI en *ChatGPT* se oorname, want alhoewel hierdie tegnologie ons kan help, is ons menswees, emosies en kreatiwiteit onvervangbaar.

13 Mense kan dus met reg vra: Is KI en *ChatGPT* ons vriend of vyand?

[Aangepas uit netwerk24.com/stemme/aktueel/chatgpt-ja-daar-is-rede-tot-kommer-20230202 en https://afrikaans.com/2023/03/15/chatgpt-kletsbot-wat-jou-stomslaan]

***Kletsbot is 'n rekenaarprogram wat voorafbepaalde take outomaties uitvoer.**

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Aangepas uit https://www.toonpool.com/cartoons/Chat%20GPT 419575]

## VRAE: TEKS A

1.1 Verwys na die titel en paragraaf 1 en 2.

1.1.1 Skryf EEN woord neer wat die reaksie van die mens op die era van vooruitgang aandui. (1)

1.1.2 Watter eienskap van die kletsbot wat in paragraaf 2 genoem word, sluit by die titel aan? (1)

1.1.3 Waarom is die gebruik van die woorde "Maar helaas" (reël 5) binne konteks effektief? (1)

1.2 Verwys na paragraaf 3.

1.2.1 Wat word deur die woorde "nog nie" geïmpliseer? (1)

1.2.2 Gee DRIE redes waarom Adrian Twarog se mening dat mense nie net "wenke, hulpmiddels en konteks van die bot moet aanvaar nie", geregverdig is. (3)

1.3 Gee TWEE redes waarom die gebruik van KI in die mediese veld as "verstommend" (paragraaf 5) beskryf word. Het die pasiënte rede om negatief teenoor dié tegnologie te wees? Motiveer jou antwoord. (3)

1.4 In watter opsig weerspreek dr. Jenny Lee se stelling (paragraaf 5) die inligting in die onderstreepte sinne van paragraaf 2? (1)

1.5 Watter VIER voordele hou die KI-stelsels vir die sakesektor in? (4)

1.6 Verwys na paragraaf 7.

Dink jy DJ Cloete slaag daarin om die teenstrydige invloed van KI in die onderwys verstaanbaar te verduidelik? Motiveer jou antwoord deur na beide kante van KI in die onderwys te verwys. (2)

1.7 Verwys na paragraaf 8 en 9.

Op watter TWEE maniere kan onderwysers die oorskryf van tekste sonder begrip verhoed? Watter EEN, dink jy, sal nie doeltreffend in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel werk nie? Motiveer jou antwoord. (3)

1.8 "Die nuwe kletsbot … word egter nie oral met ope arms verwelkom nie." (Paragraaf 10)

Bewys hierdie stelling deur na die verskil in dr. Adams (paragraaf 6) en Elon Musk se uitsprake te verwys. (1)

1.9 Watter mense sal, as gevolg van die invloed van KI-ontwikkeling, maklik slagoffers van kubermisdaad word? (2)

1.10 Is die slotparagraaf effektief binne konteks van die leesstuk? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.11 Watter visuele bewys is daar dat die ma die skoolboek as belangrik beskou? (1)

1.12 Die ma se verwagting van skoolgaan en die seun se belewing van skoolgaan is verskillend.

Bewys hierdie stelling. (1)

1.13 Wat is die toon van die miniatuurrobot se woorde EN wat is die verskuilde waarskuwing in sy woorde? (2)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.14 Verwys na paragraaf 12 van TEKS A en na TEKS B.

Op watter manier het KI reeds die seun in TEKS B se menswees aangetas? Dink jy die seun se ervaring van skool berei hom op die uitdagings van die toekoms voor? Motiveer jou antwoord. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en identifiseer **SEWE stappe wat gevolg moet word om 'n meer etiese samelewing, wat weet wat reg en wat verkeerd is, te verseker**.

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou **eie woorde** in 'n paragraaf aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**WAARHEEN IS ONS OP PAD MET SUID-AFRIKA SE SAMELEWING?**

Ons bevind ons in 'n morele moeras, want elke mens besluit self watter wette en reëls hy/sy sal nakom – of nie. Die vraag is: Watter stappe moet Suid-Afrikaners volg na 'n samelewing wat weet wat reg en verkeerd is?

Die eerste stap na 'n meer etiese samelewing is die opvoeding van ons mense ten opsigte van die basiese beginsels van etiek, naamlik om die goeie te ken en te koester. Aristoteles het eeue gelede gesê die mens is wat hy/sy herhaaldelik doen. Doen ons dus herhaaldelik goeie dinge, word ons goed, want so vorm ons gesonde morele gewoontes. Dit is daarom belangrik dat ons mense op 'n praktiese wyse hierdie raad van Aristoteles moet uitleef.

Om 'n meer etiese samelewing te skep moet mense deelneem aan morele aksies waarby hulle ook hulle kinders betrek. Tydens hierdie aksies leer die kinders by volwassenes hoe hulle 'n verskil in ander se lewens kan maak deur waardes soos empatie en omgee aan te leer.

Ongelukkig kry mense vandag die boodskap dat jy kan maak soos jy wil en wegkom daarmee. Suid-Afrikaners sal moet leer wat die logiese gevolge is wanneer hulle gedrag teenstrydig met kernwaardes is. Tans word kinders ook lelik in die steek gelaat deur die gebrek aan positiewe morele rolmodelle in ons land. Sorg dat daar sulke rolmodelle in kinders se lewens is, want hulle het 'n voorbeeld van vel en been nodig om waardes soos respek en eerlikheid aan te leer.

Suid-Afrikaners moet ook kan identifiseer met gesagsfigure soos godsdiensleiers en onderwysers wat goeie waardes uitleef. Hierdie leiers se integriteit moet bo verdenking wees en die verkeerde voorbeelde moenie aan kinders gestel word nie.

Die fisieke omgewing waarin mense leef, het 'n invloed op hulle karakterontwikkeling. Wanneer jy deur 'n vuil, onordelike omgewing omring word, sal jy meer tot wangedrag geneig wees; 'n netjiese, skoon omgewing sal tot 'n meer etiese samelewing lei.

Met behulp van hierdie sewe stappe kan ons die fondasie lê vir 'n samelewing waarin etiese gedrag die norm is. Kom ons raak betrokke by karakteropvoeding, want die toekoms van ons land se kinders hang daarvan af.

[Aangepas uit www.netwerk24.com/waarheen-is-ons-op-pad-met-suid-afrika-se-kinders-20230227]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




**B**

**Toets jou (3.3) <u>uithouvermoë</u>** en skryf in vir die 21,1 km-halfmarathon.
**Werk aan jou fiksheid** en verbeter jou vorige tyd in die 10 km-wedloop.
**Maak reg vir 'n onvergeetlike avontuur** met die 17,8 km-veldwedloop.
**Geniet die dag saam met jou familie** en neem aan die 5 km-pretloop of 5 km-troeteldierpretloop deel.

**C**

**Buiten die onderskeie wedlope is daar ook 'n verskeidenheid kosstalletjies om te besoek asook 'n speelarea vir die kleinspan.**

**Skandeer die QR-kode of besoek outsurance.co.za/gunrun vir meer inligting.**

**D**

ANIMAL WELFARE
Coca-Cola PENINSULA BEVERAGES
Western province Athletics
Sportsmans Warehouse Winning starts here
AAC www.atlanticathletic.co.za
City of Cape Town Stad Kaapstad

[Aangepas uit *Huisgenoot*, 20 Julie 2023]

**VRAE: TEKS D**

3.1 "Maak reg vir 'n avontuur" (BLOK A)

3.1.1 Skryf die woord neer wat daarop dui dat die advertensie oor 'n opwindende gebeurtenis handel. (1)

3.1.2 Waarom is die gebruik van die gebiedende sinswyse doeltreffend? (1)

3.2 Verwys na die visuele voorstelling.

Watter visuele bewys is daar dat die 17,8 km-veldwedloop moeilik gaan wees? Skryf 'n werkwoord uit BLOK B neer wat daarop dui dat sommige dele van die wedlope uitdagend gaan wees. (2)

3.3 Verdeel die woord "uithouvermoë" in lettergrepe. (1)

3.4 Verander die bepaler in "halfmarathon" (BLOK B) na 'n werkwoord en gebruik die woord in 'n verklarende sin van jou eie. (1)

3.5 Gee TWEE redes waarom die gebruik van die vetgedrukte woorde in BLOK B funksioneel is. (2)


3.6 Watter invloed sou dit op die leser hê as die QR-kode by BLOK C nie ingevoeg is nie? (1)

3.7 Waarom is die gebruik van die logo's in BLOK D doeltreffend? (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit https://comicskingdom.com/katzenjammer-kids/2023-02-26]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Verwys na RAAMPIE 2.

Skryf EEN woord neer wat daarop dui dat Hägar se ouma en oupa vir hom teenstellende raad gegee het. Ondersteun die visuele aanbieding sy onsekerheid effektief? Motiveer jou antwoord. (2)

4.2 Verwys na RAAMPIES 3 tot 5.

4.2.1 Watter emosie word deur die uitroeptekens in RAAMPIE 4 en 5 weergegee? (1)

4.2.2 Op watter manier ondersteun Hägar se gesin se optrede in RAAMPIE 3 die uitroeptekens in RAAMPIE 5? (1)

4.3 Verwys na Helga (Hägar se vrou) se woorde in RAAMPIE 6.

4.3.1 Wat word geïmpliseer deur die insluiting van "hierdie keer"? Vervang "hierdie" met 'n ander aanwysende voornaamwoord binne konteks. (2)

4.3.2 Skryf Helga se woorde in die indirekte rede. Begin die sin met: Helga het gevra … (1)

4.4 Is die veranderde gesigsuitdrukking van Hägar in RAAMPIE 6 geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (1)

4.5 Watter verband is daar enersyds tussen die ouma se raad (RAAMPIE 1) en Hägar se aankoms in RAAMPIE 5 én andersyds tussen die oupa se raad (RAAMPIE 2) en Hägar se ervaring in RAAMPIE 6? (2)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS F

### *WIE SKRIK VIR WORTEL WOLF?*

Deur Leon-Ben Lamprecht

1 In die boek word die stories van die "Drie Varkies", "Rooikappie" en die seun wat "wolf!" geskree het op hulle koppe gedraai. Die booswigte word die helde en soms is daar geen booswigte nie. (5.2) Die boek word as geskik vir ses- tot negejariges beskryf.

2 Dié selfleesboek is die perfekte oorgang tussen 'n prenteboek en 'n eerste hoofstukboek. Met heelwat illustrasies is dit ook geskik as voorleesboek. (5.4) Die sinne is meestal kort.

3 Humor laat die boek uitstaan. Daar is humor vir grootmense én kinders. Grootmense sal die fyn gespottery met (5.5) gesondheidsfanatici (Wortel Wolf is vegetaries en gril vir sy sweet) snap.

4 Die ironie van sy vegetariese status skep humor, maar hou ook 'n subtiele les in (5.7) … selfs dié wat soos booswigte lyk, kan goeie eienskappe hê.

5 (5.8) Spanning word deur die bekendheid van die sprokies geskep – ons weet wat gaan gebeur, maar omdat die wolf nie die booswig is nie, wil ons verder lees.

6 Dit is 'n lieflike, humoristiese boek waarvan kinders baie sal hou.

[Aangepas uit www.litnet.co.za. 17-5-2023]

5.1 Verwys na paragraaf 1.

Skryf VIER OPEENVOLGENDE woorde uit die eerste sin neer wat daarop dui dat die kinderstories heeltemal verander het. Gebruik dié woorde denotatief in 'n verklarende sin. (2)

5.2 "Die boek word as geskik vir ses- tot negejariges beskryf." (Paragraaf 1)

Skryf dié sin in die verlede tyd. (1)

5.3 Skryf 'n woord uit paragraaf 2 neer wat na analogie van "prenteboek" gevorm is. (1)

5.4 "Die sinne is meestal kort." (Paragraaf 2)

Brei dié sin met 'n byvoeglike bysin uit. Skryf die hele sin neer en onderstreep die bysin wat ingevoeg is. (1)

5.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.5) en die letter (A–D) neer.

Gesondheidsfanatici se ander meervoud is …

A gesondheidsfanatikuste.
B gesondheidsfanatikusse.
C gesondheidsfanatici'e.
D gesondheidsfanatici's. (1)

5.6 "Die ironie van sy vegetariese status skep humor, …" (Paragraaf 4)

Gebruik die woord "sy" se homoniem in 'n verklarende sin. (1)

5.7 Watter ander leesteken sou in die plek van die beletselteken in paragraaf 4 gebruik kan word? Gee 'n rede waarom dié leesteken in hierdie sin gepas sou wees. (2)

5.8 "Spanning word deur die bekendheid van die sprokies geskep …" (Paragraaf 5)

Skryf die sin hierbo in die bedrywende vorm. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou.*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### Nasien van die leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1.1 | "verstom" ✓ | 1 |
| 1.1.2 | Die kletsbot kan 'n (verstommende) hoeveelheid kennis stoor./bestaande kennis op nuwe probleme toepas./<br>Die kletsbot beantwoord jou vraag binne sekondes./(baie) vinnig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.1.3 | Dit beklemtoon die (reaksie/teleurstelling) dat die kletsbot nie 100% vertrou kan word nie./antwoorde soms verkeerd is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.2.1 | *ChatGPT* sal wel eendag die mens kan vervang./Die mens moenie gerus wees nie, want hy/sy kan vervang word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.2.2 | *ChatGPT* kan nie inligting redigeer nie./sal geleer moet word om te redigeer./Mense moet eers die inligting redigeer. ✓<br>*ChatGPT* kan nie inligting hersien nie./moet geprogrammeer word om te hersien./Mense moet eers die inligting hersien. ✓<br>*ChatGPT* kan nie kreatief wees nie./sal (soos die mens) kreatief moet wees./Mense moet die inligting kreatief hanteer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | Die mediese KI is so goed is dat dit selfs diagnoses kan maak./<br>Dit is verstommend dat KI op mediese gebied nuwe behandelings kan aanbeveel./<br>Dit is verstommend dat KI op mediese gebied in 'n groot mate foute uitskakel./<br>Dit is verstommend dat KI-gebruik tot beter resultate vir pasiëntbehandeling lei./<br>KI kan mediese data analiseer. ✓✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Die feit dat die tegnologie geneig is om minder foute te maak/tot beter resultate vir pasiënte lei, moet juis hulle vertroue wen.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>KI kan foute maak./Daar is steeds menslike hulp nodig om die aanbevelings te hersien./redigeer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br><br><br>1 |
| 1.4 | Dr. Lee wys op die akkuraatheid van die KI-inligting, terwyl paragraaf 2 juis daarop wys dat KI nie tussen reg en verkeerd kan onderskei nie./foute begaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na beide kante van die weerspreking verwys.* | 1 |
| 1.5 | KI-stelsels sal nuwe geleenthede raaksien./<br>KI-stelsels sal tendense kan voorspel./<br>KI-stelsels sal (dalk) kompeterende strategieë kan uitwerk./<br>KI-stelsels sal maklike toegang tot nuwe markte hê./<br>KI-stelsels sal taalhindernisse binne nuwe markte maklik oorkom. ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.6 | Ja<br>(Net soos 'n kompas jou deur 'n onbekende terrein kan lei,) kan KI leerders help om onbekende inligting te verwerk. ✓<br>(Net soos 'n wanfunksionerende kompas jou kan laat verdwaal,) kan KI leerders/ onderwysers op 'n dwaalspoor laat beland./leerders maklik plagiaat laat pleeg. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br>1 |
| 1.7 | Onderwysers kan sagteware-programme gebruik (om plagiaat op te spoor./ te verminder.)/<br>Onderwysers kan 'n evalueringsaspek oor waardes by opdragte inwerk./se opdragte moet kritiese denke by leerders toets./moet leerders leer om krities te dink. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN** | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| | Die gebruik van sagteware programme sal nie doeltreffend wees nie, aangesien alle onderwysers nie die toerusting sal hê om plagiaat op te spoor nie./die gedeeltes wat *ChatGPT* geskryf het, as plagiaat te herken nie.<br><br>**OF**<br><br>Die evalueringsaspek/bevordering van kritiese denke sal die minste doeltreffend wees, aangesien alle take nie evaluering oor waardes/kritiese denke kan bevat nie./dele wat nie evaluering/kritiese denke vereis nie, steeds gekopieer kan word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.8 | Dr. Sarah Adams is positief oor KI se invloed op die sakewêreld, terwyl Elon Musk meen dat KI-stelsels 'n negatiewe impak het./'n groot gevaar inhou./selfs gevaarliker as kernwapens kan wees. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei dele van die verskil vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.9 | Mense wat nie kan onderskei tussen die werklikheid en die vals werklikheid nie./nie bewus is dat KI 'n vals werklikheid soos die realiteit kan laat lyk nie. ✓<br>Mense wat nie in elke situasie (waar e-posse, stem- of videoboodskappe met hom gedeel word) krities optree/dink nie./wat alle boodskappe summier vertrou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 1.10 | Ja<br>Dit laat die leser nadink oor die waarde van KI./*ChatGPT*./<br>Dit dien as 'n gepaste opsomming van die voor- en nadele (van die ontwikkeling) van KI/*ChatGPT*. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 1.11 | Sy hou die boek na die seun uit./Haar arm met die boek is uitgestrek na die seun toe./Die ma se mond is (wyd) oop (wat aandui dat sy op die seun skree om sy boek te onthou). ✓ | 1 |
| 1.12 | Die ma se verwagting dat leerders/die seun boeke in die skool gebruik verskil van die seun se realiteit oor elektroniese hulpmiddels in skole./dat boeke nie in skole gebruik word nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na beide kante van die verskil verwys.* | 1 |
| 1.13 | Die miniatuurrobot is sarkasties./krities./ironies./sinies./beterweterig. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die verskuilde waarskuwing is dat die seun nie goed in die eksamen gaan doen nie./te veel op die robot se hulp staatmaak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.14 | KI het die seun van sy kreatiwiteit beroof./<br>Hy lees/skryf/dink nie meer self nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Hy gaan (in die toekoms) toenemend van KI gebruik maak en wend dit nou al reeds as 'n hulpmiddel aan.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Hy gee sy menswees/emosies/kreatiwiteit prys. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs stappe wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.
- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie.
  - 4–5 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe.
  - 2–3 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 2 taalpunte toe.

**LET WEL:**
- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| **NASIENSIMBOLE** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **V** | Onvolledige sin | | **H** | Herhaling | | **A** | Aanhaling |
| **^** | Onvolledige feit | | **F** | Feitefout | | **S** | Stelling |

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Mense moet van jongs af die basiese beginsels van etiek leer en herhaaldelik goeie dinge doen om gesonde morele waardes te vorm. Mense moet deelneem aan morele aksies waarby hulle kinders ook betrokke is. Kinders moet leer wat die gevolge is wanneer ons gedrag teenstrydig met kernwaardes is. Sorg dat daar positiewe morele rolmodelle in kinders se lewens is en dat hulle kan identifiseer met waardegedrewe gesagsfigure. Laastens moet mense hulle omring met 'n skoon en netjiese omgewing.

**[Getal woorde: 77]**

**OF**

| **AANHALING UIT TEKS** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** | |
|---|---|---|---|
| 1 | "... die opvoeding van ons mense ten opsigte van die **basiese beginsels van etiek** ..." | A | Mense moet die basiese beginsels van etiek leer./leer om die goeie te ken en te koester. |
| 2 | "Doen ons dus **herhaaldelik goeie dinge**, word ons goed, want so vorm ons gesonde morele gewoontes." | B | Doen (herhaaldelik) goeie dinge (om gesonde morele waardes te vorm). |
| 3 | "... moet mense **deelneem aan morele aksies waarby hulle ook hulle kinders betrek.**" | C | Mense moet deelneem aan morele aksies waarby hulle kinders ook betrokke is. |
| 4 | "Suid-Afrikaners sal **moet leer wat die logiese gevolge is wanneer hulle gedrag teenstrydig met kernwaardes is.**" | D | Ons moet leer wat die gevolge is wanneer ons gedrag teenstrydig met kernwaardes is./verantwoordelikheid aanvaar vir die gevolge van ons gedrag. |
| 5 | "... in die steek gelaat deur die gebrek aan **positiewe morele rolmodelle** in ons land. Sorg dat daar sulke rolmodelle in kinders se lewens is, ..." | E | Sorg dat daar (positiewe/morele) rolmodelle in kinders se lewens is. |
| 6 | "Suid-Afrikaners moet ook **kan identifiseer met gesagsfigure** soos godsdiensleiers en onderwysers wat **goeie waardes uitleef.**" | F | Mense moet identifiseer met gesagsfigure/godsdiensleiers/onderwysers wat goeie waardes het./Gesagsfigure moet seker maak dat mense met hulle kan identifiseer op grond van hulle goeie waardes. |
| 7 | "Wanneer jy deur 'n vuil, onordelike omgewing omring word, sal jy meer tot wangedrag geneig wees; 'n **netjiese, skoon omgewing** sal tot 'n meer etiese samelewing lei." | G | Mense moenie hulle omring met 'n vuil, onordelike omgewing nie./Omgewings moet netjies/skoon wees. |
| | | | **Getal woorde: 75 woorde** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1.1 | "avontuur" ✓ | 1 |
| 3.1.2 | Die gebiedende wyse spoor die leser aan/prikkel die leser se belangstelling/aandag om deel te neem./laat die oproep (om deel te neem) meer dringend klink./manipuleer die leser om (by die wedloop) betrokke te raak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.2 | Die terrein is klipperig/ongelyk/sanderig (wat sal bydra tot die uitdagende omstandighede van die wedloop.) ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>"Toets" ✓ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 3.3 | uit-hou-ver-mo-e ✓ | 1 |
| 3.4 | Ek <u>halveer</u> die lemoen sodat ek dit met my boetie kan deel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin vir EEN punt aan.*<br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 3.5 | Die vetgedrukte woorde dui telkens die avontuur wat in elke wedloop wag, aan./<br>Die woorde skei die verskillende wedlope van mekaar./toon aan dat inligting oor 'n nuwe wedloop volg./<br>Die vetgedrukte woorde vestig die aandag op die vereistes van elke wedloop./gee 'n aanduiding van alles wat daardie dag gaan plaasvind./<br>Die woorde is telkens 'n opdrag wat die leser prikkel om aan die wedlope deel te neem./<br>Die opdragte sluit aan by BLOK A, aangesien dit bevele is. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.6 | Dit sal 'n invloed hê dat die leser/mense nie so maklik/vinnig op die advertensie sal kan reageer nie./<br>Dit sal nie 'n invloed hê nie, want die leser/mense kan nog steeds deur die webwerf (wat aangedui word) toegang tot inligting oor die wedloop kry. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.7 | Die logo's help dat die borge dadelik herkenbaar is./<br>Die name van die borge staan uit./word beklemtoon./<br>Die logo's dra by tot die gedagte dat dit 'n gerekende wedloop is (met baie borge). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "maar" ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die bewegingstrepies langs sy kop dui daarop dat hy sy kop in radeloosheid skud./ Die sweetdruppel langs sy kop dui daarop dat hy gespanne is./nie weet watter opsie reg is nie./Hägar kyk reguit na die leser (asof hy raad soek). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.2.1 | Die (oordrewe) blydskap/liefde/ekstase/opgewondenheid ✓ | 1 |
| 4.2.2 | (Hulle toon blydskap deur) hulle arms in die lug te gooi./hom tegemoet te hardloop./van oor tot oor te glimlag. ✓ | 1 |
| 4.3.1 | Dit maak dit duidelik dat Hägar dikwels weg is van die huis./altyd 'n geskenk saambring as hy terugkeer huis toe./sy gesin elke keer wat hy terugkeer huis toe, net uitsien na wat hy saambring. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>dié ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.3.2 | Helga het gevra wat hy/Hägar daardie keer vir hulle saamgebring het. ✓ | 1 |
| 4.4 | Ja<br>Die verandering is geloofwaardig, want hy is geskok/kom agter dat hulle meer uitsien na die geskenke wat hy bring as wat hulle bly is om hom te sien./besef dat hy in die moeilikheid is (omdat hy nie geskenke saamgebring het nie)./wonder hoe hy hom uit dié situasie gaan lospraat. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 4.5 | <u>Raampie 5</u> laat dit lyk asof die <u>ouma</u> reg was, want Hägar is oortuig dat sy aankoms die liefde van sy gesin ontlok het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>In <u>raampie 6</u> besef hy dat hy, soos sy <u>oupa</u> gesê het, die volgende keer weer sal moet probeer om 'n goeie indruk te skep, omdat hy nie geskenke saamgebring het./nie 'n eerste goeie indruk gemaak het nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **10** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "... op hulle koppe gedraai ... " ✓<br><br>**EN**<br><br>As die bottels leeg is, moet dit op hulle koppe gedraai word dat die laaste sous kan uitkom./Die dansers het op hulle koppe gedraai. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.2 | Die boek is as geskik vir ses- tot negejariges beskryf. ✓ | 1 |
| 5.3 | selfleesboek/hoofstukboek/voorleesboek ✓ | 1 |
| 5.4 | Die sinne wat hulle gebruik, is meestal kort./Die sinne waarvan hulle praat, is meestal kort. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke bysin vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.5 | B/gesondheidsfanatikusse ✓ | 1 |
| 5.6 | Die wurm spin die kokon van sy./Die rok is van duur sy gemaak. (s.nw.)/<br>Die meisie lê op haar sy. (s.nw.)/<br>Sy is die kind se ma. (pers.vnw.)/<br>Hoe dit ook al sy, ek weet jy is verkeerd. (ww.) ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.7 | :/dubbelpunt<br>**EN**<br>Na die dubbelpunt word verklaar/uitgebrei watter les uit die boek gelees kan word.<br><br>**OF**<br><br>-/aandagstreep<br><br>**EN**<br><br>Na die aandagstreep word uitgebrei/die aandag gevestig op watter les uit die boek gelees kan word.<br><br>**OF**<br><br>;/kommapunt<br><br>**EN**<br><br>Die kommapunt staan in die plek van 'n neweskikkende voegwoord/want/en wat weggelaat word.<br><br>**OF** | |

| | | |
|---|---|---|
| | ()/hakies ✓<br><br>**EN**<br>Die gedeelte binne die hakies gee meer inligting oor watter les uit die boek geleer kan word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |
| 5.8 | Die bekendheid van die sprokies skep spanning. ✓ | 1 |
| | | **10** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou